Gauteng

Content hosted by iono.fm
Hoofstad: Johannesburg

Bevolking: 15 810 388 miljoen [1]

Algemene huistale: Zoeloe, Afrikaans, Engels

Agtergrond en geskiedenis

Geografies is **Gauteng** nie ’n eiesoortige streek nie, dit is eintlik deel van die Hoëveld. Maar dit kan tog as die hartland van Suid-Afrika beskou word. Die nasionale politieke mag is in die Uniegebou in Pretoria gesetel, en die finansiële en industriële mag in Johannesburg en ’n groep dorpe naby Johannesburg. [2]

Die verhaal van die provinsie wat vandag Gauteng genoem word, het ongeveer in die middel van die 19de eeu begin. Die vroeë trekboere het die Vaalrivier oorgesteek en al hoe verder noord getrek. Hulle het aangekom in ‘n land waarin daar baie waterstrome was. Die plato was in die somer ’n welige grasveld, ideale weiding vir hulle beeste. Hierdie trekkers het nooit kon droom dat die Witwatersrand eendag die rykste goudveld in die wêreld sou wees en dat die naam op die lippe van almal regoor die wêreld sou wees nie.

Die naam *Witwatersrand* is naderhand tot die *Rand* verkort. Hierdie provinsie het soveel bygedra tot die ekonomie van die land dat toe die **desimale geldstelsel** in 1959 ingevoer is, die naam *rand* as die naam vir die hoof geldeenheid aanvaar is.

Bus voor Opera House, 1930’s

Pretoria, Esselenstraat, Trevenna, Sunnyside

Pretoria, hoek van Kerkstraat en Rebeccastraat, 1930's

Johannesburg

Johannesburg is die finansiële en industriële hoofstad van Suid-Afrika. Die stad is baie belangrik vir die ekonomie van Suid-Afrika en ook van Afrika. Die stad het ontstaan na die ontdekking in 1886 van die wêreld se rykste goudrif in die gebied noord van die Vaalrivier. Die burgers van president Kruger se Transvaalse republiek het die plek *Witwatersrand* genoem. Daarom beteken die twee algemeenste name vir die stad in die omgangstaal – Gauteng (Sotho) en Egoli (Zoeloe) – 'die plek van goud'. [3]

Die goudmyne en fabrieke het 'n groot aantal trekarbeiders van oor die hele Suid-Afrika gelok. Een gevolg hiervan was die ontstaan van groot nedersettings langs dorpe en stede waar hoofsaaklik swart werkers gewoon het. Hierdie woongebiede het oorspronklik as 'lokasies' bekendgestaan. Sommige van hierdie townships, veral Sharpeville en Soweto, het 'n prominente rol in die stryd teen apartheid gespeel.

Die **delwers** se **blikkiesdorpe** en plakkerskampe van 1886 is vervang deur meer permanente strukture toe mense begin besef dat die ontginning van goud in hierdie gebied vir lank gaan aanhou. Elke keer wanneer daar nuwe ontwikkeling in Johannesburg was, het die geboue nog hoër geword.

Die wolkekrabbers, omring deur boomryke voorstede en informele woonbuurte, is 'n heel ander wêreld as die kaal savannevlaktes wat die eerste Boeresetlaars hier gevind het. Toe dit maar net ses jaar oud was, was Johannesburg reeds die grootste dorp in Suid-Afrika, maar daar is min oorblyfsels van daardie vroeë jare. Geen stad op aarde het vinniger gegroei nie. Dit is die enigste metropool in die wêreld wat binne een eeu heeltemal herbou is.

Noordoos van sentraal Johannesburg lê die voorstede Midrand, Sandton, Modderfontein, Kempton Park, Alexandra, Edenvale en Bedfordview. Suid van sentraal Johannesburg is die dorpe Germiston, Alberton, Meyerton, Vereeniging

en Vanderbijlpark.

Pretoria

Pretoria is die uitvoerende hoofstad van Suid-Afrika en die hoofkwartier van die meeste nasionale staatsdepartemente, ook van dié van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag. Dit was die hoofstad van die Transvaalse republiek van 1860 tot 1900 en van die provinsie Transvaal van 1910 tot 1994. Dit is ’n stad van monumente en gedenktekens wat die geskiedenis van Transvaal en Suid-Afrika vertel.

Pretoria het baie van die atmosfeer van ’n groot plattelandse dorp behou. Die pas van die lewe is stadiger as in Johannesburg en besoekers van Johannesburg word dikwels getref deur hierdie verskil. Pretoria het ’n meer tropiese klimaat. Tot in die 1960’s het munisipale regulasies geboue van meer as sewe verdiepings verbied.

Elke jaar in Oktober en November blom sowat 60 000 jakarandabome langs die strate en in parke om die stad met ’n pers kombers toe te maak. Die eerste twee bome is in 1888 van Rio de Janeiro ingevoer deur J.D. Celliers wat dit by sy huis Myrtle Grove in Sunnyside geplant het. Later het die tuinboukundige James Clark ’n pakkie gemengde saad uit Australië bestel waarin daar jakarandasaad van Brasilië was. In 1906 het Clark ’n klompie boompies aan die munisipaliteit geskenk wat gereël het dat dit in Bosmanstraat geplant word.

Die eerste poskoets is in 1864 ingestel en die spoorlyn vanaf Elandsfontein (vandag Germiston) het die dorp op 1 Januarie 1893 bereik. Pretoria het die Anglo-Boereoorlog sonder skade oorleef en is op 5 Junie 1900 deur die Britte beset.

Pretoria-stasie, 1893

Die eerste dorpsraad is in 1902 verkies en stadstatus is op 14 Oktober 1931 toegeken. Die eerste voorstad, Arcadia, is reeds in die 1860's ontwikkel. Die tweede, Sunnyside, het 'n paar jaar later gevolg. Pretoria was die eerste dorp noord van die Vaalrivier wat elektrisiteit begin gebruik het – op 8 September 1892. Munisipale vervoer is in 1904 ingestel toe die stadsraad 'n maatskappy met perdetrems uitgekoop het. Die perdetrems is in 1910 deur elektriese trems vervang en die laaste trem het in Augustus 1939 vanaf Kerkplein vertrek. Trembusse is in 1972 deur dieselbusse vervang. [4]

Verskillende streke van Gauteng

Die Wesrand

Dorpe aan die Wesrand sluit in Carletonville, Westonaria, Soweto, Randfontein, Krugersdorp en Roodepoort.

Carletonville bedien verskeie van die land se rykste goudmyne. Die meeste van die myne is na die Tweede Wêreldoorlog eers ontwikkel en toe 'n nuwe dorp nodig geword het om die werknemers te huisves, is dit deur die Weste Witwatersrand Area-goudmynmaatskappy op die plaas Twyfelvlakte uitgelê en op 28 Januarie 1948 geproklameer. Die dorpsgebied is vernoem na Guy Carleton Jones, 35 jaar lank direkteur van Consolidated Gold Fields en ontwikkelaar van die omgewing se myne.

Westonaria se naam is 'n samestelling van sy ligging aan die Wesrand en Western Areas, die goudmynmaatskappy wat die meeste grond in die gebied besit het.

Soweto, die grootste township in die land, is sedert die vroeë 1950's kragtens die stelsel van apartheid uitsluitlik vir swart bewoning ontwikkel. Die naam is 'n akroniem vir **So**uth **We**stern **To**wnships en sluit 26 dorpsgebiede in, soos Orlando, Dobsonville, Dube en nog meer.

Randfontein is in 1890 aangelê op die plaas met dieselfde naam, as woondorp vir die werkers van die myne van die Rondfontein Estates goudmynmaatskappy. Roodepoort was ook die plaas waarop die dorp uitgelê is se naam. Die plaas is so genoem na aanleiding van die rooi grond van die pas deur die plaas.

Krugersdorp het ook sy ontstaan aan goud te danke. In 1887 het die regering die plaas Paardekraal gekoop vir ‘n dorp wat as administratiewe sentrum vir die gouddelwerye van die omgewing moes dien. Die plaas se eienaar, M.P.W. Pretorius, het aangedring dat die dorp Krugersdorp ter ere van president Paul Kruger genoem word.

Krugersdorp het internasionale bekendheid verwerf vir een van die wêreld se belangrikste argeologiese terreine wat by die Sterkfonteingrotte, 10 kilometer noordwes van die dorp, ontdek is. Die grotte is in 1896 ontdek toe die prospekteerder Guigimo Martinaglia, wat na goud en kalk op soek was, die grotte ontdek het. Die groot hoeveelhede vlermuisghwano (vlermuismis) is oor die volgende paar jaar verwyder en in die proses is heelwat skade aan die stalaktiete en ander druipsteenformasies aangerig.

In 1936 het dr. Robert Broom van die Transvaalse Museum en sy kollegas van die Universiteit van die Witwatersrand met uitgrawings by die grotte begin. Oor die volgende drie jaar het hulle baie mensagtige fossiele gevind, onder meer skedels, bo- en onderkake, tande en ledemaatbeendere.

Die ontdekking wat voorbladnuus in die hele wêreld was, is op 18 April 1947 gemaak – hulle het ’n byna volmaakte skedel gevind. Hierdie skedel is toe *Australopithecus africanus* (‘suidelike aap van Afrika’) genoem. Dit was ’n vroeë spesie mensagtige wese wat ongeveer 2 miljoen jaar gelede op die aarde geloop het. Die skedel is Mev. Ples gedoop. Dit is ’n verkorting van die wetenskaplike naam Plesianthropus transvaalensis wat aan die ontdekking gegee is. Dit is as die ‘vermiste skakel’ tussen die mens en ape beskou. ‘n Jonger vonds (1999) was ‘Klein Voetjie’, die gefossileerde voetbene van ’n menslike wese wat ongeveer 4,2 miljoen jaar gelede geleef het.

Die grotte is ’n groot toeriste-aantreklikheid. Die ses groot kamers wat deur gange verbind word, asook ’n ondergrondse ‘meer’, is in 1958 aan die Universiteit

van die Witwatersrand geskenk. Die argeologiese museum by die grotte is na dr. Broom vernoem en in 1966 oopgestel. In 1999 is ’n gebied van 47 000 ha om die grotte tot Wêrelderfenisgebied verklaar. Afgesien van die Sterkfonteingrotte is daar nog sowat tien ander plekke in die gebied waar uitgrawings gedoen word, byvoorbeeld Kromdraai, Swartkrans, Bolt se Plaas, Coopers B, Minnaars, Plover’s Lake, Gladysvale, Wondergrot, Haasgat en Gondolin. [5]

Die Oosrand

Dorpe wat aan die Oosrand lê, is Boksburg, Benoni, Brakpan, Springs, Daveyton en Nigel. Die meeste van hierdie dorpe is as myndorpe gestig.

Boksburg se verhaal begin byvoorbeeld in 1886, toe die prospekteerder J.J.D. Kilian ‘n goudrif op die plaas Leeuwpoort ontdek het. ‘n Maand later het ‘n ander prospekteerder, Adolf Vogel, goud op ‘n nabygeleë stuk grond gevind. Die twee gebiede is op 21 Maart 1987 tot openbare delwery verklaar. Dit is die amptelike geboortedag van Boksburg, vernoem na die stadsekretaris van die Transvaalse republiek, Eduard Bok.

Benoni se naam is Bybels (Ben-Oni, wat “swaarkryseun” beteken) en is in 1881 deur die landmeter-generaal Johann Rissik gegee. Hierdie stuk grond het ‘n buitengewoon onreëlmatige vorm gehad en was moeilik om op te meet – vandaar die naam. In September 1887 is goud ontdek en in Mei 1888 is Benoni tot ‘n gouddraende plaas verklaar. Die dorp is ontwerp deur sir George Farrar, voorsitter van die mynsindikaat wat die grond besit het.

Brakpan is in 1886 op die plaas Weltevreden gestig en na ‘n pan brakkerige water vernoem wat steeds op die buitewyke van die dorp bestaan. Die ontwikkeling van die nuwe dorp het in 1888 hupstoot gekry toe aansienlike steenkoolneerslae gevind is. Brakpan se eerste twee goudmynskagte is in 1905 gesink.

In 1883 het James Brooks die plaas The Springs opgemeet en so genoem danksy die baie fonteine op dié stuk grond. Nigel is eers in 1909 gestig en Daveyton eers in 1956.

Die Spade Reën Sending met sy hoofkwartier by Jatniël naby Benoni is die enigste internasionale godsdiensorganisasie wat in Suid-Afrika ontstaan het.

Vrouelidmate van die groep dra blou Kwakerrokke, wat aan hulle die naam

Blourokke besorg het. Hierdie rokke word regdeur die wêreld deur lede gedra en word by Jatniël (wat ‘God gee’ beteken) in Benoni gemaak.

Slagveld by Vlakfontein na die geveg (Anglo-Boereoorlog)

Stadsaal, Heidelberg, Gauteng

Woordbank

desimale geldstelsel	Suid-Afrika het aanvanklik die geldstelsel van ponde, sjielings en pennies gebruik. In 1959 is daar oorgeskakel na die rand-en-sentstelsel wat ons vandag ken.
wêrelderfenisgebied	Dit is ’n plek wat internasionaal groot waarde het en wat vir die huidige mense op aarde en ook vir hulle nageslag bewaar behoort te word.
delwers	Mense wat na minerale soos goud of diamante soek.
blikkiesdorpe	Spotnaam vir ‘n arm woonbuurt waar baie huisies van blik en sinkplate gemaak is.

Kyk hier

By hierdie skakel kan jy kyk hoe dit binne die Sterkfonteingrotte lyk